

PLANTLUI SBESTUUR TYDENS MOERPRODUKSIE

(JM Laubscher, Oesbeskerming,
Elsenburg)

Die koms van die aartappelblaarmyner (ABM) in die Sandveldgebied het 'n probleem geskep vir plantluisbeheer tydens moerproduksie. Die middels teen plantluis is nie "sag" vir die natuurlike vyande van die ABM nie, gevolglik moet gelet word op hierdie middels sodat hulle inpas in die ABM-bestuursprogram. Hierdie strategie is korrek indien slegs tafelaartappels verbou word.

Aangesien die Sandveldgebied se hoofbron van inkomste moerproduksie is, is ABM- en plantluisbeheer op hierdie stadium nog nie heeltemal versoenbaar nie aangesien daar nog nie genoeg "sagte" plantluisbeheermiddels beskikbaar is nie. Die middels wat wel beskikbaar is, moet in 'n spesifieke program toegedien word.

Die beginsel van "sagte" plantluismiddels is heeltemal korrek, maar op hierdie stadium kan die beginsel nog nie volledig tydens moerverbouing toegepas word nie, weens redes soos reeds genoem. Dus moet daar tydens moerproduksie steeds gebruik gemaak word van sogenaamde "harde" middels vir die beheer van plantluis.

Dit is uiters belangrik dat hierdie begrip reg verstaan word. 'n Geïntegreerde plaagbeheerprogram berus daarop dat chemiese beheermaatreëls tydig in enige beheerstrategie gebruik mag en kan word, hoe "hard" ook al. As hierdie tipe middels die probleem kan help bestuur, kan hierdie middels nie as gevolg van die "harde" begrip net eenvoudig uit die plaagbestuursprogram weggelaat word nie. Dit kan problematiese gevolge hê soos die teenwoordigheid van virusse in die moere wat kan lei tot die afkeuring van die betrokke moeraanplanting.

Die perskeluis

Die perskeluis is die vernaamste vektor van enige aartappelvirus en hierdie plantluis word steeds suksesvol deur die "harde" middels beheer. Hierdie plantluis is tans volgens die luisverslae baie aktief in sekere van die produksiestreke in die Sandveldgebied. Die volgende punte is belangrik vir plantluisbeheer tydens moerproduksie:

- Indien enige grondbehandeling soos Aldicarb en Imidacloprid begin word, kan luisbeheer vir ten minste 40 dae en langer verkry word. Grondbehandeling is "sag" teen die natuurlike vyande van ABM.
- Verder kan daar tydens die eerste fase van ontwikkeling van die plante "sagte" middels vir loofbehandeling gebruik word soos Primidicarb. Hierdie produk het egter 'n translaminêre werking en daarom is dit beter om so 'n produk verkieslik tydens die eerste fase van ontwikkeling van die plante te gebruik.
- As plante dus in die laaste heflte van die ontwikkelingsfase van die aartappelplant is, moet daar van "harde "



produkte soos metamidophos gebruik gemaak word vir plantluisbeheer. Daar is gemerk dat hierdie produk nie die plantluisparasiete doodmaak wat reeds in 'n papiestadium voorkom in die Sandveldgebied nie.

- ABM-beheer op 'n laat stadium tydens plantontwikkeling moet opgeweeg word met aartappelmoetbeheer en middels ter sprake omdat aartappelmoet weer die oes op daardie stadium meer kan benadeel as ABM.

Bogenoemde punte is slegs riglyne wat in ag geneem moet word in die beplanning van 'n beheerstrategie en dit moet inpas by heersende programme wat van land tot land kan wissel.